

## DuPont se ooreenkoms oor elektroniese toegang (DEAA in Engels)

Hierdie ooreenkoms oor elektroniese toegang van DuPont (“ooreenkoms”) geld vanaf die datum hier onder (die “**ingangsdatum**”) tussen E.I. DU PONT DE NEMOURS AND COMPANY of sy ondergetekende geaffilieerde (“**DuPont**”) en die ondergetekende maatskappy en sy geaffilieerdes, agente of subkontraakteurs (“**party wat toegang verkry**”). Die partye kom hiermee as volg ooreen:

- 1. Omvang.** DuPont verleen toegang tot en gebruik van die DuPont- en DuPont-geaffilieerde netwerke, rekenaarsstelsels, sagteware en/of data (“stelsels”) soos spesifiek deur DuPont of ’n DuPont-geaffilieerde skriftelik gemagtig. DuPont en DuPont-geaffilieerdes behou hulle die reg voor om hierdie magtiging per elektroniese kennisgewing aan die party wat toegang verkry aan te vul, van te skrap of andersins te wysig. Die party wat toegang verkry sal nie probeer om toegang tot enige stelsel te verkry of dit te gebruik nie behalwe soos spesifiek gemagtig, en sal enige pogings tot toegang tot die stelsel staak tot die mate wat enige magtiging om toegang daartoe te verkry, beëindig is.
- 2. Toegang.** Hierdie toekenning van toegang is slegs vir die party wat toegang verkry se werknemers, agente of subkontraakteurs (“gebruikers”). Die party wat toegang verkry sal aanspreeklik wees vir die optrede of versuim van gebruikers by die gebruik van die stelsels. Gebruikers sal die stelsels slegs gebruik vir regmatige besigheidsdoeleindes ter bevordering van die party wat toegang verkry se besigheidsverhouding met DuPont of sy geaffilieerdes, en vir geen ander doel nie. Gebruikers se toegang tot die stelsels asook gebruik van toegangskodes, wagwoorde en toegangsprosedures kan te eniger tyd na die uitsluitlike goeddunke van DuPont geweier, verander of beëindig word, sonder oorsaaklikheid of aanspreeklikheid teenoor die party wat toegang verkry of gebruikers nie.
- 3. Inligtingsekuriteit.** Die party wat toegang verkry kom ooreen: (a) dat die uitreiking, behoud en voortgesette gebruik van rekeninge en SecurID-tokens (of gelykwaardig) deur die party wat toegang verkry of gebruikers volgens die uitsluitlike goeddunke van DuPont is; (b) om die SecurID-tokens (of gelykwaardig) wat aan gebruikers uitgereik is, op versoek van DuPont teruggegee sal word; (c) om die aktuele DuPont DISO-beleide, -standaarde of -prosedures oor inligtingsekuriteit te volg; en (d) om onbehoorlike toegang tot die stelsels of toepassings op die stelsels deur gebruikers te voorkom. DuPont behou hom die reg voor om sy inligtingsekuriteit-beleide, -standaarde of -prosedures te eniger tyd te verander.
- 4. Persoonlike identifikasie-inligting.** Met betrekking tot enige data wat in die stelsels voorkom en wat ’n individu identifiseer of gebruik kan word om ’n individu te identifiseer (“persoonlike identifikasie-inligting”), sal die party wat toegang verkry: (a) persoonlike identifikasie-inligting slegs gebruik soos deur DuPont opdrag gegee en toegelaat, in ooreenstemming met alle toepaslike wette, en nie persoonlike identifikasie-inligting vir enige ander doel gebruik nie; (b) toepaslike fisiese, tegniese en administratiewe waarborge handhaaf om persoonlike identifikasie-inligting teen ongemagtigde toegang of bekendmaking, en ongemagtigde, onwettige of toevallige verlies, vernietiging, verkryging, skade of ander gebruik te beskerm; (c) die vertroulikheid van persoonlike identifikasie-inligting gedurende die termyn van hierdie ooreenkoms en vir so lank daarna as wat die party wat toegang verkry toegang het tot of in besit is van sodanige inligting, handhaaf, en geen persoonlike identifikasie-inligting sal bekendmaak of oordra aan of toegang toelaat tot enige derde party sonder DuPont se vooraf skriftelike ooreenkoms nie; (d) alle rekords en lêers wat persoonlike identifikasie-inligting bevat (wat as spesiale persoonlike inligting beskou word), wat die party wat toegang verkry oordra of draadloos of oor publieke netwerke stuur, op skootrekenaars of bergmedia stoor, en op draagbare toestelle stoor, waar tegniese haalbaar, enkripteer (spesiale persoonlike inligting beteken enige van die volgende tipes persoonlike inligting: (i) nasionale ID-nommer, belastingbetaler-identifikasienommer, paspoortnommer, bestuurderslisensie-nommer of ander regeringsuitgereikte identifikasienommer; of (ii) krediet- of debietkaartbesonderhede of finansiële rekening-nommer, met of sonder enige kode of wagwoord toegang tot die rekening toelaat; kredietgeskiedenis of (iii) inligting oor ras, godsdiens, etnisiteit, seksuele oriëntasie, mediese of gesondheidsinligting, genetiese of biometriese inligting, politieke of filosofiese oortuigings, vakbondlidmaatskap, agtergrondkontrole-inligting, regsdata soos kriminele rekords of inligting oor ander geregtelike of administratiewe verrigtinge); en (e) persoonlike identifikasie-inligting in sy besit terugbesorg, argiveer of vernietig in ooreenstemming met DuPont se opdrag, ná beëindiging of verstryking van hierdie ooreenkoms.

5. **Termyn.**Hierdie ooreenkoms is geldig totdat dit deur enige party sonder enige rede beëindig word, en wel vyftien (15) dae na ontvangs van skriftelike kennisgewing daarvan.Enige skending van hierdie ooreenkoms deur enige party sal die ander party die reg gee om hierdie ooreenkoms te beëindig sonder om die regte of middele wat volgens wet of in ekwiteit beskikbaar is, te benadeel.Ná beëindiging of verstryking van hierdie ooreenkoms sal die party wat toegang verkry ophou en sal hy verseker dat gebruikers ophou met alle pogings om toegang tot die stelsels te verkry.Beëindiging of verstryking van hierdie ooreenkoms sal nie die party wat toegang verkry van sy verpligting om vertroulike inligting as vertroulik te hou, verlig nie.

6. **Vertroulikheid.**Behalwe tot die mate wat die partye 'n afsonderlike vertroulikheidsooreenkoms aangegaan het oor enige tegniese en besigheidsinligting (insluitende persoonlike identifikasie-inligting) wat vir gebruikers in verband met hierdie ooreenkoms beskikbaar gestel word, beskou DuPont sodanige inligting as vertroulik, behalwe enige sodanige inligting (behalwe persoonlike identifikasie-inligting) wat voorheen aan die party wat toegang verkry bekend was, soos aangedui deur sy voorafbestaande geskrewe rekords, of deur geen fout van die party wat toegang verkry publiek beskikbaar word ("vertroulike inligting") nie.Die party wat toegang verkry en gebruikers sal alle vertroulike inligting vertroulik hou en nie aan enige derde party bekend maak nie.**Behalwe vir persoonlike identifikasie-inligting, wat die party wat toegang verkry ooreenkomstig artikel 4(c) vertroulik sal hou**, sal die party wat toegang verkry se vertroulikheidsverpligting voortduur vir die termyn van hierdie ooreenkoms en vir tien (10) jaar daarna.

7. **Wette en uitvoerbeheer.** Die party wat toegang verkry sal voldoen aan alle toepaslike wette, statute, reëls, ordonnansies en regulasies, insluitende uitvoerbeheerwette en -regulasies.Hierdie ooreenkoms sal beheer word deur die wette van die deelstaat Delaware, en die howe binne Delaware sal die enigste howe met bevoegde jurisdiksie wees.Enige persoonlike identifikasie-inligting wat aan DuPont voorsien word, sal gebruik word om toegang tot die stelsels te verskaf.Deur hierdie ooreenkoms ten uitvoer te bring, stem die party wat toegang verkry in dat DuPont sodanige inligting mag gebruik en sodanige inligting mag oordra aan DuPont-geaffilieerdes en derdeparty-kontrakteurs, en waarborg hy dat die party wat toegang verkry kennis gegee het aan en toestemming verkry het van die party wat toegang verkry se werknemers en subkontrakteurs vir sodanige gebruik.Daarbenewens stem die party wat toegang verkry in om aan die uitvoerbeheerwette en -regulasies van die Verenigde State van Amerika te voldoen, waaronder onder andere die Export Administration Regulations (15 C.F.R.730 et. seq.)("EAR"), die International Traffic in Arms Regulations (22 C.F.R.120 et. seq.)("ITAR"), die regulasies en bevele geadmistreer deur die VSA se Departement van Tesourie se Office of Foreign Assets Control ("OFAC") en alle verwante uitvoerende bevele en publieke leiding wat deur daardie regeringsagentskappe uitgereik word;asook die verwante uitvoerbeheermaatreëls van ander onderworpe jurisdiksielande (die "uitvoerbeheerwette").Voordat enige tegnologie, materiaal of tegniese data wat nodig is en spesifiek is tot die produksie of ontwikkeling van uitvoerbeheerde materiaal, items of toerusting uit die Verenigde State van Amerika uitgevoer word of heruitgevoer word (of wat DuPont versoek om uit te voer), sal die party wat toegang verkry (met samewerking en bystand van DuPont) tydig:(1) teenoor DuPont identifiseer en hom in kennis stel van watter uitvoerbeheerwette van toepassing is op sodanige tegniese data, materiaal of toerusting, (2) met DuPont saamwerk en hom bystaan in die verkryging van enige nodige lisensies, instemmings, magtigings of goedkeurings vir die uitvoer of oordrag van sodanige tegniese data, materiaal of toerusting; en (3) enige dokumente wat deur DuPont versoek word, verskaf om nakoming van die uitvoerbeheerwette te bewys.Daarbenewens sal die party wat toegang verkry nie toegang tot enige DuPont-data verkry uit 'n land wat deur die Verenigde State van Amerika geëmbargo is of die oordrag van tegniese data, materiaal of toerusting aan burgers van geëmbargode lande toelaat nie.

8. **Waarborge en beperkings van aanspreeklikheid.**DUPONT GEE GEEN WAARBORGE, UITDRUKLIK OF IMPLISIET, INSLUITEND DIE WAARBORG VAN GESKIKTHEID VIR 'N SPESIFIEKE DOEL, VERKOOPBAARHEID, TITEL OF TEEN INBREUK, WAT UIT HIERDIE OOREENKOMST OF DIE GEBRUIK VAN DIE STELSELS DEUR DIE PARTY WAT TOEGANG VERKRY OF GEBRUIKERS SPRUIT NIE.DUPONT SAL NIE VERANTWOORDELIK WEES VIR ENIGE GEVOLGLIKE, INDIREKTE, SPESIALE OF BESTRAFFENDE SKADE WAT UIT HIERDIE OOREENKOMS SPRUIT NIE.Enige verlies of skade wat teenoor die party wat toegang verkry voorkom wat spruit uit die gebruik van die stelsels sal die uitsluitlike verantwoordelikheid van die party wat toegang verkry of gebruikers wees.Sonder om die voorafgaande in te perk, sal DuPont nie teenoor die party wat toegang verkry of gebruikers aanspreeklik wees:vir enige verlies of korrupsie van die party wat toegang verkry se data wat bewaar word in of oorgedra word deur die stelsels nie;

vir enige verkeerde resultate wat deur gebruik van die stelsels verkry word nie; vir enige onderbreking van toegang of gebruik van die stelsels om watter rede ook al nie; vir toegang van enige van die party wat toegang verkry se data deur derde partye nie; of vir tolbedrog by die toegang tot, gebruik van of uittreksels uit die stelsels nie.

9. **Eienaarskap en gebruik.** Behalwe vir inligting of data wat deur die party wat toegang verkry by die stelsels ingevoer word (“die party wat toegang verkry se inligting”), is alle inligting, insluitende data, geskep of vervat in die stelsels, insluitende boodskappe, die eiendom van DuPont of een of meer derde partye (“inligting”). Die party wat toegang verkry wys hiermee, tot die mate wat hy reg het om dit te doen, sy hele reg, titel en belang in inligting wat op die stelsels geskep word, aan DuPont toe. Behalwe soos andersins deur die wet vereis word, verleen DuPont hiermee ’n nie-eksklusiewe, ewigdurende, tantiemevrye lisensie aan die party wat toegang verkry om sodanige inligting vir regmatige besigheidsdoeleindes te gebruik om die party wat toegang verkry se besigheidsverhouding met DuPont of sy geaffilieerdes te verbeter, en vir geen ander doel nie. Behalwe soos andersins deur die wet vereis word, verleen DuPont hiermee ’n nie-eksklusiewe, ewigdurende, tantiemevrye lisensie aan die party wat toegang verkry om die party wat toegang verkry se inligting vir regmatige besigheidsdoeleindes te gebruik om die party wat toegang verkry se besigheidsverhouding met DuPont of sy geaffilieerdes te verbeter, en vir geen ander doel nie.

10. **Vrywaring.** Die party wat toegang verkry sal, tot die mate wat die wet dit toelaat, DuPont vrywaar, verdedig en veilig en onskadelik hou teen alle derdepartye of gebruikers se eise, aanspreeklikhede (insluitende redelike prokureursfooie), skadevergoedings, kopieregskendings, verliese of uitgawes, tot die mate wat dit spruit uit enige nalatigheid, opsetlike wangedrag, kontrakbreuk of oortreding van die wet deur die party wat toegang verkry of gebruikers by die uitvoering van hierdie ooreenkoms.

11. **Virusse.** Die party wat toegang verkry sal aanspreeklik wees vir alle skade aan of verlies van rekenaarlêers of -programme, ontwinging van die gebruik van alle of enige deel van die stelsels of ander DuPont-rekenaarstelsels, of ander verlies of skade aan DuPont, wat volledig of gedeeltelik, direk of indirek, daaruit spruit dat die party wat toegang verkry ’n rekenaarvirus of ander kode wat ontwerp is om data of sagteware te vernietig, te korrupteer of te steel, of sagteware of die stelsels op die DuPont-rekenaarstelsels of -netwerke te deaktiveer of te vergrendel, veroorsaak. Die party wat toegang verkry sal nie sodanig aanspreeklik wees nie in die mate wat sodanige rekenaarvirus of sodanige ander kode onbedoeld op die DuPont-rekenaarstelsels of -netwerke veroorsaak is nie en die party wat toegang verkry redelike sorg gedra het om rekenaarvirusse op te spoor en uit te skakel deur gebruik van aktuele bedryfstandaard-sekureiteits- en -antivirusgereedskap.

12. **Sagteware.** In geen geval sal gebruikers DuPont-sagtewareprogramme of derdepartysagtewareprogramme wat aan DuPont gelisensieer is, kopieer, aflaai, wysig, teruggenieer, ontsaamstel, uitmekaarhaal of afgeleide werke daarvan skep nie.

13. **Internettoegang.** Behalwe tot die mate dat toegangsregte uitdruklik skriftelik deur DuPont aan die party wat toegang verkry verleen word, sal nóg die party wat toegang verkry nóg enige van sy werknemers, agente, amptenare of direkteurs wat nie by ’n perseel wat DuPont besit of bestuur geleë is nie, toegang tot die internet verkry deur enige DuPont-deurgang of ander DuPont-verbinding aan die internet, of die internet daardeur gebruik nie. Sodanige gebruik deur gebruikers “op die perseel” sal slegs vir regmatige besigheidsdoeleindes wees. In geen geval sal gebruikers verteenwoordig dat hulle magtiging het om DuPont of enige DuPont-geaffilieerde te bind of vir of namens hulle op te tree nie, tensy DuPont hulle voorheen skriftelik gemagtig het om dit te doen. Gebruikers sal nie sodanige DuPont-verbinding gebruik in stryd met enige wet, statuut, regulasie, reël of ordonnansie van enige regeringsentiteit (binnelands of buitelands) nie, en sal nie sodanige DuPont-verbinding gebruik op ’n manier wat DuPont aan enige kriminele of siviele aanspreeklikheid onderwerp nie.

14. **Toewysing.** Hierdie ooreenkoms mag nie deur die party wat toegang verkry sonder vooraf skriftelike toestemming van DuPont toegewys word nie; sodanige toestemming kan deur DuPont weerhou word na sy uitsluitlike goeddunke.

15. **Onafhanklike kontrakteur.** Niks in hierdie ooreenkoms sal geïnterpreteer word dat die party wat toegang verkry of enige van sy werknemers ’n werknemer, agent, gesamentlike ondernemer of vennoot van DuPont is nie.

16. **Kriminele agtergrondkontroles.**Tot die mate wat toepaslike wetgewing dit toelaat, en in ooreenstemming met die dokument by [http://www.dupont.com/content/dam/dupont/general/suppliers/supplier-center/documents/Legal/DuPont\\_US\\_Supplier\\_Criminal\\_Background\\_Investigation\\_Requirements-20170109.pdf](http://www.dupont.com/content/dam/dupont/general/suppliers/supplier-center/documents/Legal/DuPont_US_Supplier_Criminal_Background_Investigation_Requirements-20170109.pdf) sal die party wat toegang verkry verseker (en sertifiseer op versoek van DuPont) dat 'n kriminele agtergrondkontrole van elke werknemer, agent en subkontraakteur van die party wat toegang verkry wat toegang tot die DuPont-netwerk verkry, bepaal het dat elke sodanige individu (i) nie gedurende die vorige sewe (7) jaar skuldig bevind is aan enige klein of groot misdryf (of soortgelyke misdrywe in 'n nie-Amerikaanse jurisdiksie) nie en (ii) nie het enige bekende kriminele oortredings het wat vóór sodanige tydperk van sewe (7) jaar plaasgevind het nie.

17. **Volledige ooreenkoms.** Hierdie ooreenkoms is die volledige verstandhouding tussen DuPont en die party wat toegang verkry, en daar is geen kontrakte, ooreenkomste, verstandhoudings, voorwaardes, waarborge of verhoë, hetsy mondeling of skriftelik, uitdruklik of geïmpliseer, met verwysing tot die onderwerp hiervan wat nie hiermee saamgevoeg word nie.**Die bepaling van hierdie ooreenkoms is slegs van toepassing op toegang en gebruik van DuPont se stelsels agter DuPont-brandmure. Alle aankope, verkope of ander transaksies word deur en onderhewig aan hul onderskeie bepalinge en voorwaardes beheer en nie deur die bepalinge van hierdie ooreenkoms nie.**

18. **Aanvaarding.** Deurdat DuPont elektroniese toegang tot die stelsel verleen, sal beskou word as aanvaarding van die ooreenkoms deur DuPont.

## Handtekeningafdeling

**Die party wat toegang verkry se maatskappy/organisasie se naam (drukskrif):** \_\_\_\_\_

(Maatskappy/organisasie se geregistreerde naam)

**Die party wat toegang verkry se maatskappy/organisasie se adres (drukskrif):**

\_\_\_\_\_

**Aanvaar deur (drukskrif):** \_\_\_\_\_

(Die party wat toegang verkry se gemagtigde goedkeurder)

\_\_\_\_\_

Handtekening

**Titel:** \_\_\_\_\_

**Adres:** \_\_\_\_\_

**Land:** \_\_\_\_\_

**Telefoonnummer:** \_\_\_\_\_

**E-pos:** \_\_\_\_\_

**Datum:** \_\_\_\_\_